Februarie 2011
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,


Ek het so pas oorgeslaan van die ou Outlook Express na die nuwe Outlook en dinge is nog effe deurmekaar. Kontak my maar as u weet van iemand wat nie op die nuwe poslys verskyn nie. Ek wens hulle wil nou ophou om alles te verander !!!

Hier volg nog 'n paar uittreksels uit die praatjie van Stephanie Rood. Die foto's is uit my versameling.

------------------------------------------

Gedeelte van die praatjie gelewer op 5 September 1980 deur Stephanie Rood saam met Nita Marais, voor die tak van die Vrouefederasie in Pretoria-Oos

Ons het een van die eerste motors in Pretoria gehad. Dit was 'n Talbot. Eenkeer, onthou ek, het ons 'n wêreldreis onderneem. Ons het na Wolhuterskop gery! Ons moes daar oornag en het die volgende dag eers teruggekom. Almal het groot stofjasse aangehad en die dames het groot sluiers oor hul hoede gedra wat onder die ken vasgeknoop was. Pap wiele was volop en ekstra petrol was in 'n kan wat op die "running board" [treeplank] vasgeskroef was. Trouens, in die 1920's was die treinrit na Johannesburg so vuil en stowwerig dat ons direk na die toiletkamers in die Johannesburgse stasie moes gaan om te was en op te knap.




Perdetrem op Kerkplein. Die drie geboue op die foto is van L. na R. die Erasmusgebou, die Lewis en Marksgebou en die Mortgage & Loan Building wat later die Alexandergebou genoem is.

Ek onthou die perdetrein [perdetrem] so vaagweg. Ek weet net dat daar lank banke dwarsoor was met 'n loopplank aan weerskante waarlangs die kondukteur kon beweeg om kaartjies te knip.

Die elektriese trems het eers so teen 1910 gekom. Die drywer het voor in die wind en weer gestaan. As dit reën, het hy ‘n groot blink swart reënjas aangetrek met ‘n “sou’wester” [reënhoed met rand wat agter breër as voor is] op sy kop. By die end van die spoor het die drywer net die skakelaar uitgetrek, deur die trem geloop en dit weer aan die ander kant aangeskakel. En die paal met die katrol is net agtertoe geneem met die lang tou en weer aan die kragdraad gestoot.

As die katrol van die kragdraad afgespring het, wat nogal gebeur het as dit ‘n bietjie te vinnig om ‘n draai gery het, het ‘n mens net vonke sien spat.

Die leunings van die banke met rottang oorgetrek kon oorslaan. Dit was die kondukteur se plig om die leunings oor te slaan as die trein in die teenoorgestelse rigring ry, maar met ywerige kinders was dit selde vir hom nodig.




Elektriese trem in Andriesstraat.  Links op die foto is die Wesleyan Methodist Church.  Regs op die foto is die Vaudette Teater.  Dit was eers die Masonic Hall.  Die klein geboutjie met die toring links lang die teater is die Baptiste Kerk.  Die groot gebou in die middel van die foto, op die suid-westelike hoek van Kerk- en Andriesstraat, is die winkel van Robert Hamilton.

Daar bestaan ook heelwat poskaarte met foto’s van trems op.

-----------------------------------------------------------

Hier volg die geskiedenis van die trems in Pretoria soos dit verskyn het in die boek "Pretoria 150" wat in 2006 deur Capital Media uitgegee is. Die navorsing vir die boek is deur Hennie Heymans gedoen.

Lank voordat busse in Pretoria gesien is, is trems as openbare vervoermiddels gebruik. In 1890 het die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n konsessie aan die Pretoria Tramway Company [PTC] toegestaan. Op 24 Desember 1897 begin die trems, wat deur perde getrek is, van Kerkplein na die terminus op die wesoewer van die Apiesrivier by die bopunt van Du Toitstraat in werking tree.

PTC het met agt trems en vyftig perde begin maar moes die diens tydens die Anglo-Boereoorlog staak toe hul perde vir aktiewe diens opgeroep is. Op 13 Julie 1903 is die diens hervat. Perdewaens met dakke is toe ook vir passasiers gebruik.

Na 'n pleidooi van die destydse burgemeester, J.G. van Boeschoten, het die dorpsraad £75 000 toegesê aan die elektrifisering van tremdienste in Pretoria. Dick Kerr & Kie lewer 14 trems teen 'n koste van £31 300 en op 3 November 1910 vertrek die eerste trem na Sunnyside. Verskillende roetes was beskikbaar en die Unieregering het met trots die roete na die nuwe Uniegebou gesubsidieer. [Sien ook Pretoria Brief Maart 2006 vir meer inligting oor die elektrifisering van die tremdienste in Pretoria.]

Die laaste trem in Pretoria het op 19 Augustus 1939 in Pretoria geloop. Die tremloods wat in 1912 gebou is, is gedeeltelik bewaar en is steeds op dieselfde plek in die Pretoria-middestad. Dit is vandag in 'n moderne sakesentrum omskep.

Gedurende 1935 is dubbeldekker-busse op die roete van die stasie na Arcadia in gebruik geneem.

---------------------------------------------

Geagte Boekeliefhebber,

Die beloofde boek Van Seringboom tot Kerkgebou is nou te koop! Die boek handel oor die argitektoniese erfenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Die boeke vir Pretoria (en kontrei) het my vanmiddag bereik. Dis in streke ingedeel, so dit kan ook net my gegewens uitlig. Die boeke is direk vanaf my beskikbaar teen R310 deur ook net 'n sms te stuur of te e-pos. Volledige gegewens is op die bestelvorm beskikbaar.
Groete

Nándor Sarkady [Tel: 012 322 8885]
Argivaris
E-pos: argief@nhk.co.za

-------------------------------------------------

Erasmus Kasteel/Spookhuis

“Hier’s ons weer!” - onthou jy die spookhuis? Kom geniet ‘n toer deur hierdie besondere Victoriaanse huis. Hierdie is ‘n kultuur-historiese-argitektoniese toer. Die toere vir 2011 vind plaas op Saterdag 19 Feb; 5 en 19 Maart, asook op 2 April vanaf 10:00 tot 12:00. Vroegtydige vooraf-bespreking noodsaaklik. Kontak dr. Don Roos by 012 803-1632.

Dankie vir aangename samewerking

Groete, Don Roos

Tel: (012) 803-1632. Sel: 083 699 3547
E-pos: donroos@telkomsa.net

--------------------------------------------

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel